

Tema: Waar die Here in Sy gemeente is, wil mense ook wees.

Skriflesing: Sagaria 8:1-23

Ek het verlede week gesê dat daar baie redes is waarom heelwat gemeentes worstel om te oorleef. Een van die redes is omdat ons nie meer getuig nie.

Jesus gee in Joh 20:21 baie duidelik Sy opdrag: Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek jou ook." Die boodskap van die liefde van die Here word versprei as ons uitgaan.

Die boodskap van die Here se liefde word ook versprei wanneer mense deel word van 'n gemeente waar hulle opgebou word in geloof. Wat moet ons doen dat mense graag deel van 'n gemeente wil wees?

Ons het in Sagaria 8 gelees dat dit nie in die eerste plek iets is wat ons moet doen wat mense sal aantrek nie, die teenwoordigheid van die Here trek mense.

Waar die Here in Sy gemeente is, lok dit mense.

Sagaria is een van die profete wat in Israel se ballingskap opgetree het. 'n Klein klompie Jode het uit Babel teruggekeer na hulle verwoeste land en die stad Jerusalem toe. Een van die eerste dinge wat hierdie teruggekeerdes wou doen, was om die verwoeste tempel in Jerusalem weer op te bou. Hulle was baie arm en het swaargekry. Daarom het hulle moed opgegee en na hul eie sake begin omsien. Daar was ook soveel teenstand van hulle vyandige bure dat hulle die herbou van die tempel gelos het totdat die Here die profete Haggai en Sagaria gestuur het om die volk aan te spoor. Hulle moet hulle nie deur hulle teenstanders te laat onderkry nie. Hulle moet die tempel herbou.

Een van die maniere waarop die Here deur Sagaria Sy volk aangespoor het om te volhard, was om Sy beloftes aan hulle te bevestig. Die volk word aanmoedig om nie vas te kyk teen wie hulle is en wat hulle sien nie. Hulle moet kyk wie die Here is, hoe Hy oor hulle voel en wat Hy vir hulle gaan doen.

Vyftien keer lees ons in die gedeelte dat Hy die Here, die Almagtige is. Hy is die Here wat sterker as alles en almal is. Niks is vir Hom onmoontlik nie. Wat Hy gesê het, sal gebeur.

Hy is hartstogtelik begaan oor Sy volk. Hy wil aan hulle goed doen en Sy trou bewys. Hy sal Sy volk red. Hulle sal Sy volk wees en Hy sal vir hulle 'n God wees. Hulle gaan na Sion terugkom. Hy sal hulle weer seën. Bejaarde mans en vroue sal op die pleine kuier en seuns en dogters sal daar speel.

Hierdie klein volkie wat deur die wêreld van hulle tyd verag en afgeskryf was, sal 'n gesogte volk word. Hulle name, wat gebruik is om mekaar sleg te sê, sal gebruik word in seënwense.

Die volk moet nie bang wees nie. Hulle kan moed skep. Die Here sal weer voorspoed gee; die wingerstok sal druiwe dra, die land sal sy oes lewer en die hemel sal reën gee.

Van ons hier is ook, soos die volk, moeg en moedeloos. Ons het traag geword in die Here se diens. Dan is dit weer nodig om te onthou dat die Here vandag steeds die Almagtige is. Hy is steeds sterker as alles en almal. Hy sal goed laat gebeur soos Hy dit wil laat gebeur. Hy bevestig dit in Sag 8:6 "So sê die Here die Almagtige: As dit vir die oorblyfsel van hierdie volk vandag onmoontlik lyk, moet dit dan ook vir My onmoontlik lyk? Die Here die Almagtige het dit gesê."

Hierdie Here het ons hartstogtelik lief. Daarom stuur Hy Sy Seun. En Jesus is by ons. Die Seun van God het mens geword en tussen Sy volk hier op aarde kom bly. Hy is Immanuel wat beteken: "God by ons." Dit is nie iets wat ons maar net kan bely nie.

God by ons en Sy Gees in ons moet hoorbaar word in die manier waarop ons praat. Dit moet sigbaar word in die manier hoe ons leef. Die mense daarbuite sal weet dat God by en in ons as gemeente is wanneer dit hoorbaar en sigbaar is in gemeentelêde se lewens.

Ons lees in Sag 8:

1. Ons sal die waarheid leef.

Ons sal nie bouse planne teen mekaar bedink of vals ede aflê nie.

Ons sal die waarheid met mekaar praat. Ons sal waarheid en reg laat geskied in regspraak sodat daar vrede kan wees. Ons sal bly by die waarheid.

2. Hier sal vrede wees.

Ons sal nie vrees nie, want ons weet die Here is by ons. Ons is nie bekommerd oor die toekoms nie, want ons weet dat die Here, die Almagtige, sal sorg. Ons vrede met God sal oorfloei in vrede met onself wat sal uitvloei in vrede met mekaar.

3. Ons sal die Here dien.

Die volk, wat moed opgegee het, begin weer die tempel herbou. Hulle is nog steeds arm en kry swaar. Maar nou weet hulle: die Here is by ons. Ons krag is in Hom.

4. Ons sal feesvier

Verwonderd oor sy liefde, sal ons feesvier. In die teenwoordigheid van die Here sal vasdae dae van vreugde en vrolikheid word.

As ons so gemeente is, sal mense hier wil aansluit.

Ons lees in Sagaria dat mense van verskillende nasies en tale, selfs van die groot en sterk volke van die tyd, na die volk van die Here toe sal stroom. Nie net hier en daar een nie, tien van hulle sal die klere van 'n Joodse man vasgryp. Om iemand anders aan sy klere vas te gryp was deur al die eeue nog altyd 'n manier waarop een mens dringend die aandag en die hulp van 'n ander soek.

En wat sal hierdie uitlanders die Jode vra? Ons wil deel van julle word; ons wil beleef wat julle beleef en gaan waarheen julle op pad is. Ons is jaloers op julle, want ons het ook in julle lewens gehoor en gesien dat die Here by julle is!

Dit sal 'n spontane beweging wees! Dit sal aansteeklik wees! Die Jode sal hulle nie hoef te gaan haal en aan te por en te smee om tog te kom nie. Mense sal uit hulle eie kom en mekaar aanmoedig om te kom.

Dit is nie so dat dit altyd 'n groot geveg moet wees om maar net een ongelowige of kerklos mens sover te kry om tog kerk toe te kom nie. Dien die Here. Praat die waarheid. Leef in vrede. Vier fees en die Here die Almagtige, wat by en in ons is, sal mense na ons as Sy gemeente toe laat stroom!

Mense sal kom en bly omdat die gemeente iets het wat die wêreld met al sy mag en rykdom en plesier nie het nie. En hierdie iets is die teenwoordigheid van die Here.

Om werklik 'n gemeente te wees waarheen mense wil kom en wil bly, is dit nodig dat ons 'n gemeente sal wees waarvan mense sal sê: "Ons het gehoor God is by julle."

Die Here belowe dat Hy by ons is. Dit staan vas.

As die Here by en in ons lewens sigbaar en hoorbaar is, sal mense jaloers wees op die gemeente. Dan sal mense hier wil wees.

Amen